

Ons gee God se Hoop en liefde aan

Diensnuus
4 Oktober 2026

DANKOFFERSONDAG

09:30 Erediens

09:00 Botrivier Erediens – Ds. Awie Brand

10:00 Waboomskloof Erediens – Ds. Werner van den Heever



01 DAGBOEK :

6 Oktober: Skole open & Slaglamveiling
19-18 Oktober: Graad 8-11 Kamp
14 Oktober: Kerkraadsvergadering
15 Oktober: Kospakkies & Dienssentrum ete
16-18 Oktober: Hoërskool Kamp Graad 8-11
26-31 Oktober: Kersmark

ONS BID VIR :

Mariaan Basson
Jandre Human
Pietie Groenewald
Gabrie van der Merwe
Johann Cloete

02 LANGTERMYN ONDERSTEUNING:

Riëtte Steyn Willem Victor
Heleen Lombard

03 ALGEMENE INLIGTING:

Saam bid:

Woensdae oggende - 07:00 Laerskool Overberg
Donderdae oggende - 05:00 Gebedskamer

As jy 'n **daaglikse skrifgedeelte** en gebed wil
ontvang: Whatsapp jou naam na 0834142413

Kantoorure:

Ma-Do: 07:30-17:00, Vr: 07:30-15:00

Tel: 028 212 1202

Whatsapp: 072 807 3192

E-pos: ngkaledon@twk.co.za, ngkaledon2@twk.co.za

04 DIENSSENTRUM ETE:

17 Oktober

Langkloof

Wyk 2

Wyk 14



05 PROETEA DIENSSENTRUM:

Protea Dienssentrum het nie hierdie jaar basaar nie.
Bestellings vir poeding kan by Susan Burger
geplaas word **en vanaf Sondag, 4 Oktober 2026**,
na kerk afgehaal word by die kerk se kombuis.
Ondersteun ons asseblief.

Pryse: Gemengde poeding R15 per bakkie
Trifle R20 per bakkie

Susan: 082 874 6453

06 DIENSBEURT:

4 Oktober
Vakansie

Baie dankie

11 Oktober
Wyk 10

Koninkrykstyding – waarheen ons op pad is

Ons is oor baie dinge in ons lewens opgewonde, maar ons dra ook baie bekommernisse saam met ons. In Johannes 1 lees ons hoe Jesus na ons wêreld gekom het en tussen ons kom woon het. Hy het ook sy dissipels geroep en hulle uitgestuur.

Net so vertrou Hy vandag vir jou en my om ons roeping in sy Koninkryk uit te leef. Jesus lei ons deur elke seisoen van die lewe, deur elke emosie en elke uitdaging wat ons ervaar. Daarom is dit goed om te weet waar ons onself in die kerkjaar bevind.

Koninkrykstyding begin die Sondag ná Pinkster (Triniteitsondag) en strek tot die Sondag voor Advent (Christus die Koning-Sondag). Dit is die langste seisoen in die kerkjaar. Gedurende hierdie tyd vier ons Jesus se heerskappy as Here van die aarde. Ons word ook herinner dat Hy sy dissipels uitgestuur het om sy Koninkryk sigbaar te maak in die wêreld.

Ons verantwoordelikheid om die skepping te versorg en geestelik te groei, kom ook sterk na vore gedurende hierdie seisoen. Daarom is **groen** die kleur van Koninkrykstyding. Simbole soos 'n aardbol en 'n **boom** herinner ons aan rentmeesterskap, lewe en groei.

Laat jou lig skyn

Ons wil elke gemeentelid in hierdie kwartaal uitnoui om sy of haar lig te laat skyn gedurende Koninkrykstyding.

Plan: Ons wil die kerkterrein met versierde bome en die kerkgebou met liggies versier.

Ons gemeente is besonders goed geleë om vir almal wat by ons kerk verbykom 'n sigbare getuienis van Jesus se lig te wees.

Uitnodiging

Met die oog op Kerstyding nou ons gesinne, Bybelstudiegroepe, wyke, kategeseklasse en enige ander belangstellendes uit om 'n boom te versier.

Jy of jou groep kan jul naam by die kerkkantoor opgee. Op **21 November** sal dennebome op die kerkterrein geplaas word. Elke groep of persoon kry dan die geleentheid om 'n boom op 'n kreatiewe manier vir Kerstyding te versier.

Hierdie tyd van die jaar gee ons 'n besondere geleentheid om Jesus se lig helder in ons gemeenskap te laat skyn.

Geseënde kwartaal 4 aan elkeen. Groete Dewald

PREEKNOTAS

Teks: Jesaja 53:4-12

Tema: Roeping van hoop

Dink aan die beste rugbyspan ter wêreld. Wie sou dit wees?

Of dink aan die wêreldranglys van tennisspelers. Hoe word dit bepaal? Deesdae raak puntstelsels al hoe ingewikkelder om vas te stel wie die beste is.

Maar hoe werk God se Koninkryk? Hoe dink God oor eerstes en laastes? Ons is dikwels in die versoeking om onself in ons geloofslewe met ander te vergelyk en selfs beter as hulle te ag.

Mense sê soms: *“Ek gaan nie kerk toe nie, want daar is mense wat nie opreg is nie. Hulle leef op een manier gedurende die week en kom dan Sondag kerk toe.”*

Wat word eintlik hiermee gesê? Dalk: *“Ek is beter as hulle, want hulle sukkel nog met sekere dinge.”*

Ons het almal al sulke opmerkings gehoor, of selfs self gemaak. Die dissipels was nie anders nie!

Maar daar is hoop.

Dink 'n oomblik aan wat hoop vir jou beteken:

- Genade wanneer ek dit nie verdien nie.
- Genade wanneer iemand anders dit nie verdien nie.
- Die man aan die kruis wat vergifnis ontvang.
- Die persoon wat net instap en bid: *“Wees my, sondaar, genadig.”*

Ons hoop lê daarin dat Jesus se liefde ons skoonwas.

En juis daarom word dit so wonderlik om mense wat sukkel na Jesus toe uit te nooi en Hom saam met hulle te aanbid.

In **Markus 10:35-45** lees ons hoe die dissipels oor status en ereplekke in die Koninkryk van God praat. Hulle wil weet wie waar gaan sit wanneer hulle eendag by Jesus is.

Dit is opvallend dat Jesus die gesprek in 'n heel ander rigting stuur. Vir Hom gaan dit nie oor rangorde nie, maar oor diensbaarheid.

- Het jy geleef om ander te dien?
- Het jy hoop gebring waar daar moedeloosheid was?
- Jesaja help ons om Jesus se roeping duidelik raak te sien. Lees weer **Jesaja 53:4-12** en dink hoe jy Jesus se lewensroeping sou beskryf.
- Skryf daarna jou eie roeping neer.
- Leef jou roeping.

Jump kamp 2026

Hierdie jaar se Jump Kamp was weereens 'n groot sukses!

'n Groot groep Graad 7-leerders van Overberg het die kamp bygewoon.

Dit was 'n besondere naweek vol pret, nuwe vriendskappe, avontuur en geleenthede om meer oor God en hul geloof te leer.

Die leerders het dit baie geniet en kon saam met ander Graad 7's kuier, leer en nuwe ervarings deel.



DANKOFFERSONDAG:

Tans is ons koskaste redelik leeg, terwyl die behoefte in ons gemeenskap groot is.

Ons doen daarom 'n vriendelike beroep op elkeen wat kan help om 'n bydrae van nie-bederfbare produkte te bring.

Produkte kan Sondag in die mandjies by die kerkdeure geplaas word, of enige tyd gedurende die week by die kerkkantoor afgegee word.

Elke bydrae, groot of klein, maak 'n verskil en help ons om hoop en liefde aan behoeftige gesinne te bied.

Baie dankie vir u omgee, ondersteuning en vrygewigheid.

VERJAARSDAE:

Naam	Van	Verjaardag			
Mariaan	Basson	10/02	Marolien	Kellerman	10/06
Hettie	Brink	10/02	Corneli	Kok	10/06
Lu-Ji	De Wet	10/02	Thys	Roux	10/06
Johan	Coetzee	10/03	Pieter	Swart	10/06
Nico	Du Toit	10/03	Jakkie	Viljoen	10/06
Bulla	Mouton	10/03	Maureen	De Jager	10/07
Nicolas	Prinsloo	10/03	Zandré	Niemand	10/07
Deon	Van Niekerk	10/03	Elisna	Badenhorst	10/08
Joné	Vermeulen	10/03	Kayra	Burger	10/08
Suné	Vermeulen	10/03	Stiaan	Colyn	10/08
Mila Lienke	Du Toit	10/04	Annelet	De Kock	10/08
Cornel	Roux	10/04	Charlotte	Law	10/08
Tiaan	Smal	10/04	Rita	Lötter	10/08
Libbie	Van Niekerk	10/04	Christopher	Lourens	10/08
Neena	Willemse	10/04	James	Niemand	10/08
Japie	De Kock	10/05	Shireen	Rabie	10/08
Sulina	Dowling	10/05	Chanté	De Bruyn	10/09
Jc	Rabie	10/05	Reinet	Hanekom	10/10
Lampie	Fick	10/06	Hannetjie	Du Plessis	10/11
Cornelia	Hoffman	10/06	Andri	Fick	10/11
Annalies	Jackson	10/06	Liza-Mari	Swart	10/11

♥ **Ons gaan see toe,**
Dis lekker by die see! ♥

👥 **Gr 8 tot 11 Hartenbos kamp**

📅 **16 tot 18 Oktober 2026**

💰 **R 670.00 per persoon**

NG Kerk Jeugsentrum
RSVP - So gou moontlik

By jou Kategeet of
 Ds Willem, Liezel, Larese ♥



Beste dames

Ons wil jul hartlik uitnoodig om deel te raak van Caledon Kersmark. Kom werk saam met ons om die Kersmark weereens hierdie jaar onvergeetlik te maak. Daar is 'n tydgleuf wat elkeen se besige dagboek sal pas. Indien jy belangstel kontak vir:

Chrisna – 082 944 4505
Heleen – 083 477 2617
Elanza – 072 469 4759